Entrepreneurshoekie:

Stuur gerus versoeke vir bekendstelling in na Colleen: admin@gksasolburg.co.za of na Omgeegroep: gksasolburg@mweb.co.za So dikwels as wat ons kan maak ons plek daarvoor. Die doel is ook dat ons mekaar beter kan leer ken.

Semone Pienaar - 084 6426597: For all your Annique Rooibos Products or to become a Consultant.
Riana Nel (063 731 9399/ 081 510 7938) doen naaldwerk bv. omsoom, ritssluiters en herstelwerk aan klere. Kontak haar gerus.
Aileen Gouws (082 333 1333) pas graag jou huis en diere teen vergoeding op as jy met vakansie of naweek weg is!
Annetjie van der Westhuizen (0795435627) help met spyseniering, onthale.
Alet Koekemoer (0767338019) voorbereiding van maaltye en heerlike soppe vir die winter.
Debbie v Schalkwyk (0825987090) verkoop Sekelbos en kameeldoring braaihout . Daar is ook Charcoal, Brikette, vuuraanstekers en speserye. Koop ook gerus by haar skoonmaakprodukte soos skottlegoedseep, waspoeier en algemene skoonmaakmiddels. Debbie kyk ook teen vergoeding na vakansiegangers se huise/versorg diere/gooi plante nat
Werner Roos (0834466395) doen installasie van lugversorgers, dienste en herstelwerk.
Calvin Kotzé (0766037914) skilder baie goed. Hy maak 'n skildery wat by u kleurskema inpas. Kontak hom gerus.
Freda Redelinghuys (0826595523) maak spookasem vir enige geleentheid

(Indien u u naam wil verwyder/byvoeg, kontak gerus ook vir Colleen)

VERJAARSDAE

13 Feb Alet Koekemoer (Belydend)	0767338019
13 Feb Gerhard Steenkamp (Belydend)	0844877827
14 Feb Heather Geldenhuys (Belydend)	0169766123
15 Feb Marius Jacobs (Belydend)	0169202981
16 Feb Frik Muller (Belydend)	0169733334

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

10 Februarie 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK B

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Ekumenisiteit Jeug London

WOORDBEDIENING

Ps. 73 (83 AV)
Kernverse: Ps. 73:17 (83 AV)

Tema: God se ewigheidsperspektief verander my maatstaf van met wie dit werklik goed gaan.

- ’n Terugblik op die tragiese gebeure by Hoërskool Driehoek...
    - Laat ons wonder hoekom gebeur sulke slegte dinge soms met goeie mense?
    - En hoekom gaan dit so “goed” met die goddeloses?
    - Asaf het met dieselfde vraagstuk geworstel in Ps. 73.
- Ps. 73 begin met die spreekwoord: God is vir Israel baie goed... vir die wat rein van hart is (v. 1).
- Asaf het daaraan begin twyfel want sy lewenservaring het vir hom dikwels die teendeel gewys. (v. 2).
- Hy het gesien hoe dit dikwels met goddeloses goed gaan (v. 3 – 12).
- En Asaf wat reg probeer leef kry dag na dag swaar (v. 13-14).
- Asaf se lojaliteit teenoor sy medegelowiges laat hom huiwer om so aan te hou praat, maar dit is vir hom bitter moeilik om te verstaan (v. 15-16).
- Die draaipunt: Asaf begin na hierdie dinge kyk vanuit God se ewigheidsperspektief, en hy sien wat die uiteinde van die goddelose is (v. 17).
- Die goddelose se uiteinde is verskriklik, en hulle gaan vir ewig verlore (v. 18-20 & 27).
    - Ons dood kan ook onverwags in ’n oomblik kom.
- God verander Asaf se perspektief oor met wie dit werklik goed gaan (v. 23-28).
    - Dit gaan werklik goed met die wat baie naby aan God leef. (v. 28)
    - Hulle het reeds in hierdie lewe ’n lewe van oorvoed, ten spyte van beproewings en tragedies wat hulle soms beleef. (v. 23-26)
    - Hulle heerlike ewige bestemming is doodseker! (v. 24)
    - Dit laat hulle geliefdes wat agterbly met ’n heerlike troos en ’n sekerheid

1STE SEMESTER VERJAARDAGTEE

Ons nooi almal na vanoggend se verjaardagtee ter viering van almal wat die eerste deel van die jaar verjaar.

SUSTERSAAMTREK – 2 MAART 2019

Persone wat die sustersaamtrek wil bywoon maar nie per EFT kan betaal nie, kan na die diens in die konsistorie hul gelde by Colleen Koekemoer betaal.

MANNE-ONTBYT – GK VEREENIGING

Die Gereformeerde Kerk Vereeniging bied n manne-ontbyt aan. Die is ‘n hoogtepunt op ons kerkkalender. Die manne word bederf met koffie en beskuit by hulle aankoms. Dis ook ‘n belewenis as die klomp manne in die kerk gaan saamsing. Daarna is daar ‘n baie insiggewende praatjie deur prof. Henk Stoker ‘n kenner op die gebied van vals profete en sektes wat vandag oral kop uitsteek. Die heerlike ontbyt en gesellige samesyn en kuier volg hierna.
Die Manne-Ontbyt vind plaas op:

23 Februarie 2019 ; 7:30 vir 8:00 (Ontbyt om 10:00)

Die gasspreker is **prof. Henk Stoker**

Sy onderwerp: **VALS CHRISTUSSE EN VALS PROFETE**

R150 per persoon

VERGADERINGS

Die volgende vergaderings vind volgende 2 weke plaas om 18:00

18 Feb	OBR
20 Feb	UBR
21 Feb	GBR
25 Feb	EBR
27 Feb	ABR

Die ouderlingvergadering vind plaas op 4 Maart 2019 om 18:00